# HEBREËRS

Ons kuier nog deur die brief aan die Hebreërs.

Hebreërs se skrywer herinner die Joodse Christene dat Jesus groter, of beter is as alles waaraan hulle so vasgehou het.

Jesus is groter as die profete en as die engele (hoofstuk 1 & 2), groter as Moses (hoofstuk 3 & 4), en hy bou op hierdie argument deur sy hele brief aan die Joodse gelowiges.

Hy herinner hulle aan die karakters en hulle voorvaders uit die Ou Testament, en wys vir hulle dat Jesus die Messias is.

Hy gee ook vir hulle waarskuwings deur die brief, omdat baie van die Joodse gelowiges vervolging beleef het, en wou terug keer na Judaisme.

Hy wys vir hulle dat dit die moeite werd is om hulle geloof op Jesus gevestig te hou, want Jesus is die weg, die waarheid en die lewe.

**Lees Hebreërs 3 saam deur.**

**Lees dit vers vir vers, en merk op wat vir jou uit staan.**

Hebreërs 3:1

1Daarom, broers wat vir die
Here afgesonder is en
deelgenote is van die hemelse
roeping, moet julle noukeurig
let op Jesus, die Apostel en
Hoëpriester van die geloof wat
ons bely.

## Hebreërs 3:2-6

2Hy is getrou aan God wat Hom aangestel het, soos ook
Moses getrou was in die hele huis van God. 3Maar Jesus is
groter heerlikheid waardig geag as Moses, net soos die
een wat 'n huis bou, meer eer waardig is as die huis. 4Elke
huis word deur iemand gebou, maar God is die Een wat
alles gebou het. 5Moses was as dienaar getrou in die hele
huis van God en moes getuig van die dinge wat God nog
sou sê. 6Christus daarenteen is as Seun getrou oor die
huis van God. En ons is sy huis as ons maar net met moed
en oortuiging bly vashou aan wat ons hoop.


JESUS
is BETER
as Moses

# Wat sê die skrywer van Hebreërs in vers 2 – 6?

Moses is net die dienaar van die huis, terwyl Jesus die eienaar van die huis is.

Natuurlik is Jesus groter/beter as Moses.

Vir ‘n Jood, wat aanhangers van Moses was, wat baie respek vir Moses gehad het, sou hierdie ‘n nuwe begrip gewees het. Maar, Jesus is die Messias, en die Jode moes dit verstaan.

Hebreërs 3: 7-11

7Luister daarom na wat die Heilige Gees sê:
“Vandag, as julle sy stem hoor, 8moet julle nie hardkoppig
wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom
het en My in die woestyn op die proef gestel het.
9Daar het hulle My op die proef gestel en uitgetart, hoewel
hulle veertig jaar lank gesien het wat Ek vir hulle gedoen
het.
10Daarom het Ek 'n afkeer van hierdie geslag gekry en gesê:
‘Met hulle hart is hulle gedurig op 'n dwaalspoor,
hulle wou my paaie nie leer ken nie.’
11Toe het Ek in my toorn 'n eed afgelê:
In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie.”



**Lees Psalm 95…**

**Die skrywer van Hebreërs herinner die Jode aan 'n tyd waar hulle voorvaders in die woestyn was vir 40 jaar, net na die Here hulle bevry het uit Egipte.**

**Hulle het hulle harte teenoor die Here verhard, en die nagevolg daarvan is dat hulle nie in die Here se rus sou ingaan nie…**

**Dink aan die Israel volk in die woestyn…**

**Hoe het hulle daar op geeindig? Wat was hulle houding?**

**Hoe het die Here hulle versorg? Wat was hulle houding daar?**

# HEBREËRS 3:12-14

12BROERS, JULLE MOET TOESIEN DAT DAAR NOOIT BY
EEN VAN JULLE 'N VERKEERDE GESINDHEID VAN
ONGELOOF ONTSTAAN EN HY VAN DIE LEWENDE GOD
AFVALLIG WORD NIE. 13MAAR SOLANK DAAR NOG 'N
"VANDAG" IS, MOET JULLE MEKAAR ELKE DAG
AANSPOOR SODAT NIEMAND VAN JULLE DEUR DIE
MISLEIDING VAN DIE SONDE VERHARD WORD NIE.
14ONS BEHOU DEEL AAN CHRISTUS AS ONS
END-UIT VOLHARD IN DIE VERTROUE WAARMEE
ONS BEGIN HET.







**Moenie toelaat dat jou hart teenoor die Here verhard nie.**

**Watookal gebeur, weet dat die Here in beheer is.**

**Weet dat Hy goed is.**

**Weet dat Hy beter weet as jy.**

**Soos vers 1 sê: "moet julle noukeurig let op Jesus", beteken dat jy jou gedagtes op Hom gerig moet hou...**

# REFLEKSIE:

## WAT MAAK DAT JOU GEDAGTES DWAAL?



Hebreërs 4:14-16

14Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds
deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat
ons vashou aan die geloof wat ons bely. 15Die Hoëpriester
wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons
swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net
soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie
gesondig nie. **16Kom ons gaan dan met vrymoedigheid
na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en
genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS